

3

GOD WORD MENS

*Jesus Christus het gelewe en gesterwe
sodat ek God se kind kan wees*

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God het in Jesus Christus vir 'n tweede keer sy hand uitgesteek na 'n sondige wêreld sodat geloof in Hom die ewige lewe moontlik kan maak.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet die verskillende gebeurtenisse – geboorte, lewe, lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart – in die verhaal van Jesus ken.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat geloof in Jesus ook vir hulle die ewige lewe verseker.

Vaardigheid

Die kinders moet 'n toegewyde en dankbare lewe leef as antwoord op God se liefde en vergifnis.

MEER INLIGTING (Lukas 2: 2-52; Johannes 1: 1-18; Romeine 12: 1-8)

Wat vooraf gebeur het

- God sluit lank voor Jesus se geboorte die eerste verbond met die Israeliete.
- God belooft om hulle te red, te beskerm en altyd by hulle te wees.
- Hy gee ook vir hulle die tien gebooie waarvolgens hulle moet lewe.
- Hulle moes God se wil gehoorsaam en Hom aanbid, eer en liefhê.
- Hulle moes gereeld offers aan God bring om hulle sonde te vergewe.
- Ten spyte hiervan was hulle voortdurend ontrou aan God.
- Na talle waarskuwings het God hulle gestraf.
- Tog steek God soos altyd sy hand van liefde na sy kinders uit.

Jesus se geboorte

- Die finale was dat Hy sy Seun 'n mens laat word het in Jesus Christus.
- Jesus word die volmaakte offer vir die sonde van die wêreld.
- God maak 'n tweede verbond, 'n Nuwe Testament, tussen God en mens.
- Hierdie verbond is nie net bedoel vir die Israeliete nie, maar vir alle mense wat in Jesus Christus glo.
- Die Nuwe Testament begin met vier Evangelies.
- *Evangelie* beteken *blye boodskap* of *goeie nuus*.
- Johannes die Doper word gebore om die pad vir Jesus gereed te maak.
- Jesus is in Betlehem gebore tydens die regering van keiser Augustus.
- Maria, Jesus se ma, was nog nie met haar verloofde, Josef, getroud nie, maar haar swangerskap het van die Heilige Gees gekom.
- God het aan Josef en Maria bekendgemaak wie Jesus is.

Jesus se lewe

- Hy is vir eens en vir altyd die volmaakte Verlosser.
- Jesus het dissipels geroep om hierdie boodskap aan die hele wêreld te gaan vertel.
- Jesus het baie mense oor die koninkryk van God geleer.
- Hy het gelykenisse vertel en wonders gedoen.

Jesus se dood

- Daar was spanning tussen die Joodse leiers en Jesus, en hulle het beplan om Jesus dood te maak.
- Jesus is uiteindelik deur Judas verraai, en toe gevange geneem.
- Jesus word onregverdig skuldig bevind en op Golgota gekruisig.

Jesus se opstanding

- Na drie dae het Hy uit die dood opgestaan en aan sy dissipels en ander mense verskyn.
- Met sy opstanding het Hy die krag van die dood gebreek sodat gelowiges vir ewig kan lewe.
- Hy het sy dissipels 'n opdrag gegee om die blye boodskap van sy opstanding aan die hele wêreld te gaan vertel.

Jesus se hemelvaart

- Jesus het voor die oë van sy dissipels na die hemel opgevaar.
- Hy het vir ons plek gaan maak in sy koninkryk.
- As ons glo in Jesus Christus, het ons die ewige lewe ontvang.

Betekenis vir ons

- Ons is deur God se genade van die sonde en die dood gered.
- Die Doop herinner ons aan hierdie genade van God.
- Die Nuwe Testament leer ons in Romeine 12 hoe om ons dankbaarheid teenoor God te bewys.
- Ons dankbaarheid word sigbaar in die manier hoe ons elke dag leef.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 8 kaarte of bladsye met die volgende name daarop geskryf: Elisabet, Johannes die Doper, Maria, Keiser Augustus, Simon Petrus, Pilatus, Herodes, Simon van Sirene.
- Skoon papiervelle waarop die kinders groepwerk kan doen.

KOM ONS BEGIN

Lees of sing Gesang 219: 1 en 2.

*Laat ons sing van ons Verlosser,
Hy wat wys hoe liefde lyk.
Deur sy kruisdood het die Here
self sy hand na ons gereik.
Sing, o sing van ons Verlosser,
aan die kruis het Hy gely.
Deur sy dood bring Hy versoening,
van ons skuld maak Hy ons vry.*

*Laat ons praat met almal om ons
oor die hoop wat in ons leef.
Jesus Christus het in liefde
al ons sonde ons vergeef.
Sing, o sing van ons Verlosser,
Hy oorwin die dood en hel.
Ons het deel aan sy oorwinning –
oral wil ons dit vertel.*

Begin met 'n gebed, of vra een van die kinders met wie vooraf gereël is om die gebed te doen.

HET HULLE ONTHOU?

- Kyk hoeveel kinders die memoriseerteks van verlede week kan opsê.
- Kontroleer of hulle die beskrywing in die tweede kolom by die regte naam in die eerste kolom laat pas het deur die kolomme met lyne te verbind.

1
Salomo
Israel
Rehabeam
Jerobeam

2
Die naam van die noordelike 10 stamme (<i>Israel</i>)
Koning van die Suidryk (<i>Rehabeam</i>)
Koning van die Noordryk (<i>Jerobeam</i>)
Sy pa was nie 'n koning nie (<i>Dawid</i>)

Juda
Saul
Dawid

Hy was die eerste koning van die volk (<i>Saul</i>)
Hy was die derde koning van die volk (<i>Salomo</i>)
Die naam van die suidelike 2 stamme (<i>Juda</i>)

VANDAG LEER ONS

Lees Lukas 2: 2-52 of, indien moontlik, wys die deel van Jesus se geboorte en kinderjare uit die film *Jesus – Inspirational films* of enige ander film oor die lewensverhaal van Jesus. Daar is ook moontlikhede op die internet. Kyk self die filmsnit eers deur.

IETS INTERESSANT

Bespreek die besonderhede by MEER INLIGTING aan die hand van die volgende gesprekstemas:

- Die Ou Testament vertel van die eerste verhouding of die verbond tussen God en sy volk.
- Die Nuwe Testament vertel van die tweede en ewige verhouding wat Jesus Christus moontlik maak.
- God word mens om vir ewig met die sonde af te reken.
- Die verhaal van Jesus se lewe, sterwe en opstanding gee inhoud en betekenis aan ons geloof.
- Ons is ook elke dag Jesus se volgelinge, en daarom word ons Christene genoem.
- 'n Christen se lewe is anders as die lewe van 'n ongelowige, omdat ons met dankbaarheid ons lewe aan die Here wy.

IETS BELANGRIK

- Die kinders gaan uiteindelik by Les 4 in staat wees om die name van die aartsvaders, die konings en die name uit die verhaal van Jesus, altesaam 15, in die regte volgorde weer te gee.
- Die klasaktiwiteit is 'n hulpmiddel om die strekking van die verhaal van Jesus vir die kinders aan te bied.

IETS OM TE DOEN

Deel die kinders in die klas in 4 groepe in. Deel aan elke groep 'n skoon vel papier uit. Ken twee name in die onderstaande tabel toe aan elke groep, en verduidelik die volgende opdrag:

Laat hulle die teksgedeeltes by die name in die volgende tabel lees en beskryf hoe elkeen van hierdie persone deel vorm van die verhaal van Jesus.

	Naam van persoon	Teksgedeelte(s) om te lees	Hoe pas hy of sy in by Jesus se lewensverhaal?
1	Elisabet	Lukas 1: 10-17 Lukas 1: 39-45	<ul style="list-style-type: none"> • Sy was die vrou van die priester Sagaria, en die ma van Johannes die Doper. • Sy was 'n familielid van Maria, die ma van Jesus.

2	Johannes die Doper	Lukas 1: 57-66 Johannes 1: 19-28	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was die kind van Elisabet en Sagaria. • Die Here was by hom. • Hy was nie die Christus nie. • Hy was nie Eila of 'n profeet nie. • Hy maak die pad vir die Here reguit.
3	Maria	Lukas 1: 26-38 Lukas 2: 41-52	<ul style="list-style-type: none"> • Sy was 'n maagd. • Die engel verskyn aan haar en sê dat sy sal swanger word. • Die Heilige Gees het aan haar 'n kind gegee. • Sy en Josef het Jesus grootgemaak. • Hulle het na Hom gesoek toe Hy weg was.
4	Keiser Augustus	Lukas 2: 1-7	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het die Romeinse Ryk regeer toe Jesus gebore is. • Hy vaardig 'n bevel uit dat 'n volkstelling gehou moet word.
5	Simon Petrus	Lukas 5: 1-11	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was een van Jesus se eerste dissipels. • Hy was 'n visserman. • Hy het gedoen soos wat Jesus gesê het. • Hulle het alles gelos en Jesus gevolg. • Petrus het Jesus verloën toe Hy gevange geneem is. • Petrus het bitterlik gehuil daaroor.
6	Pilatus	Lukas 3: 1 Lukas 23: 13-25	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was goewerneur van Judea in die tyd van keiser Tiberius. • Die volk bring Jesus na hom om Hom skuldig te bevind. • Hy vind dat Jesus onskuldig is. • Pilatus voldoen aan die versoek van die Jode. • Hy het Barabbas vrygelaat en Jesus laat kruisig.
7	Herodes	Matteus 2: 1-12 Lukas 23: 6-12	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was baie ontsteld om te hoor van Jesus se geboorte. • Herodes het beplan om Jesus dood te maak deur kastig aan Hom hulde te wil bewys. • Hy was in Jerusalem toe Jesus gevange geneem is. • Hy wou Jesus baie graag ontmoet. • Hy het gehoop om een of twee wonderwerke te sien. • Hy het vir Jesus 'n kleed aangetrek en met Jesus gespot.
8	Simon van Sirene	Lukas 23: 26-43	<ul style="list-style-type: none"> • Hy is gegryp toe hy van buite die stad ingekom het. • Hy het Jesus se kruis agter Hom aan gedra.

Laat die kinders in die groot groep in die volgorde van 1-8 in die tabel hulle antwoorde met die ander deel en in hulle boeke invul. Die doel van die aktiwiteit is om die episodes in die verhaal van Jesus in volgorde aan hulle bekend te stel.

BY DIE HUIS

DOEN

Die tweede verbond tussen ons en God deur Jesus Christus beteken dat ons nie net die ewige lewe ontvang nie, maar dat ons nou in God se huisgesin kan wees. Ons is Christene, en ons lewe lyk anders as die lewe van ongelowige mense.

Laat hulle saam met hulle ouers Romeine 12: 1-21 aandagtig deurlees en die vrae in die tabel beantwoord.

WAT LEER HIERDIE GEDEELTE ONS OOR HOE ONS CHRISTELIKE LEWE MOET LYK?

<ul style="list-style-type: none"> • As wat moet Christene hulleself aan God gee? (vers 1) 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>As lewende en heilige offers.</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Hoe leef mense wat hulle denke deur God laat hernuwe? (verse 2, 3, 9-10, 13) 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Hulle weet wat goed en volmaak is (vers 2).</i> • <i>Hulle dink nie te veel van hulleself nie (vers 3).</i> • <i>Het lief, verafsku wat sleg is, bewys eerbied (verse 9-10).</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Wat moet ons nie in die sondige wêreld doen nie? (vers 2) 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Moenie aan die sondige wêreld gelyk word nie.</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Hoe moet ons wees en <i>nie</i> wees <i>nie</i>? (verse 3, 6-8, 16) 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie .</i> • <i>Wees beskeie.</i> • <i>Gebruik gawes met toewyding en blymoedigheid.</i> • <i>Moenie hooghartig wees nie, wees nederig.</i> • <i>Moenie eiewys wees nie.</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Wat moet ons met vyande en vervolgers doen? (verse 14, 17, 19, 20, 21) 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Seën julle vervolgers.</i> • <i>Moenie vervolgers vervloek nie (vers 14).</i> • <i>Moenie kwaad met kwaad vergeld nie (vers 17).</i> • <i>Moenie self wraak neem nie (vers 19).</i> • <i>As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet, en as hy dors is, gee hom iets om te drink (vers 20).</i> • <i>Oorwin die kwaad deur die goeie (vers 21).</i>

LEER

Die teks om vir hierdie week te memoriseer, is:

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. (Johannes 3: 16)

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.